higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1030**(A)**(J8)H

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# BESTUUR: BOERDERY N4

(4090544)

**8 Junie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUUR: BOERDERY N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1: BOERDERY IN PERSPEKTIEF

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Kapitaal is geld of toerusting wat gebruik kan word in die landbouproduksieproses.

1.1.2 Die wysiging van die handel tussen Suid-Afrika en Zimbabwe het in 1960 in werking getree.

1.1.3 In 'n kommunistiese markstelsel kan lede van die gemeenskap eie bates besit en dit gebruik om wins te genereer.

1.1.4 'n Ernstige afname in die BBP kan lei tot 'n ekonomiese depressie.

1.1.5 Die regering speel 'n regulerende en ondersteunende rol gedurende die produksieproses.

(5 × 1) (5)

1.2 Noem TWEE mikro-ekonomiese instrumente wat produksiefaktore en produksie self of enige plaas stimuleer. (2)

1.3 Bespreek die rol wat elk van die volgende instellings in die landboubedryf speel.

1.3.1 Verbruikers

1.3.2 Publieke instansies

(2 × 4) (8)

1.4 Verduidelik kortliks die VIER funksies van die landboubedryf in die Suid-Afrikaanse ekonomie. (4 × 2) (8)

1.5 Noem die tipe handel wat die volgende beskrywings van handelsooreenkomste beskryf wat Suid-Afrika met verskillende lande aangegaan het om die landbousektor te beskerm en om verhandelings met ander lande te bevorder?

1.5.1 Suid-Afrikaanse Doeane-unie (SACU) -ooreenkoms wat in 1910 onderteken is.

1.5.2 Die ooreenkoms wat in 1990 tussen Suid-Afrika en Malawi onderteken is om die vloei van goedere tussen hierdie twee lande te beheer.

1.5.3 'n Ooreenkoms waar Suid-Afrika 'n stigterslid is van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel (GATT).

1.5.4 Invoerbeskerming deur tariewe en kwotas is afgeskaf nadat die land hierdie ooreenkoms onderteken het.

Kopiereg voorbehou 

1.5.5 Ooreenkoms oor tariefkonsessies wat gedurende 1989 deur Suid-Afrika en Mosambiek onderteken is.

(5 × 1) (5)

1.6 Beskryf entrepreneurskap as een van die produksiefaktore in die Suid-Afrikaanse landbousektor. (5)

1.7 Noem VIER beginsels van die vrye mark (kapitalistiese) stelsel funksies. (4)

1.8 Noem DRIE kriteria waarteen die belangrikheid van landbou in die nasionale ekonomie gemeet kan word. (3)

**[40]**

## VRAAG 2: BOERDERY BESTUUR

2.1 Die sukses van 'n boerderybesigheid hang van effektiewe boerderybestuur af.

2.1.1 Noem VIER basiese funksies wat deur alle bestuurders uitgevoer moet word. (4)

2.1.2 Noem enige VYF hindernisse wat effektiewe kommunikasie in 'n boerderybedryf kan belemmer. (5)

2.1.3 Stel DRIE effektiewe maniere voor waarop 'n bestuurder van 'n boerderyonderneming 'n deurlopende vloei van fondse aan en van sy / haar besigheid kan handhaaf. (3 × 2) (6)

2.1.4 Lys die VIER basiese chronologies stappe om 'n rasionele besluit te neem. (4)

2.1.5 Verduidelik kortliks wat elk van die stappe vir 'n rasionele besluit behels, soos in VRAAG 2.1.4 gelys. (4)

2.2 'n Plaasbestuurder moet al die beskikbare bronne so organiseer dat die beste moontlike produksie behaal word. Een van die hulpbronne wat die plaasbestuurder moet organiseer, is menslike hulpbronne deur die ontwerp van 'n effektiewe organisasiestruktuur wat aanpas by veranderinge in die omgewing.

2.2.1 Noem DRIE vorme van organisatoriese strukture wat in die landbousektor gevind word. (3)

2.2.2 Noem DRIE omstandighede wat veranderinge aan die organisasiestruktuur mag vereis. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou 

2.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.3.1 Die primêre objektief van boerdery is om … .

A te produseer.
B ‘n sukses te maak van bestuur.
C ‘n wins te maak.
D kos te produseer vir verbruikers.

2.3.2 Kontrolering en verifiëring van die resultate van 'n besluit wat deur die bestuurder geneem word, is deel van die ... rol.

A kontrole
B beplanning
C implementasie
D koördinasie

2.3.3 ... is verweef met die hele kwessie van leierskap en vooraanstaande mense.

A Motivering
B Kommunikasie
C Monitering.
D Besluitneming.

2.3.4 ... is 'n proses om menslike, fisiese en finansiële hulpbronne te kombineer en te koördineer om 'n produk te produseer wat teen 'n bekostigbare prys in die mark aangevra word.

A Produksie.
B Risikobestuur.
C Ekonomiese produksie.
D Boerdery bestuur.

2.3.5 In ... het ‘n bestuurder die reg om uitvoering van pligte van sy ondergeskiktes te eis.

A mag van beloning.
B krag van dwang.
C verwysende krag.
D wettige mag.

(5 × 1) (5)

2.4 Noem DRIE faktore wat die besluitnemingsproses beïnvloed wanneer boerderydoelwitte geformuleer word. (3)

**[40]**

## VRAAG 3: BESTUURFUNKSIES IN DIE BOERBEDRYF

3.1 Definieer die volgende terme:

3.1.1 Projeksie

3.1.2 Beleid

3.1.3 Balansstaat

3.1.4 Standaard prosedure

3.1.5 Taktiese beplanning

(5 × 2) (10)

3.2 Implementering vereis deeglike organisering om effektiwiteit en doeltreffendheid te verseker.

3.2.1 Adviseer 'n opkomende boer oor enige VIER dinge wat hy voor implementering in 'n boerdery moet organiseer. (4)

3.2.2 Klassifiseer DRIE kategorieë opleiding wat aan die werknemer in die boerderybedryf aangebied kan word. (3)

3.2.3 Onderskei tussen die drie kategorieë van opleiding wat in VRAAG 3.2.2 genoem word. (6)

3.3 Behoorlike beplanning moedig proaktiewe bestuur in 'n boerderybedryf aan, maar dit het sy eie beperkings.

3.3.1 Onderskei *strategiese beplanning* van *taktiese beplanning* ten opsigte van lewensduur. (2)

3.3.2 Noem die VYF stappe wat uitgevoer word tydens die ontwerp van 'n strategiese plan van 'n boerdery, in chronologiese volgorde. (5)

3.3.3 Noem die VIER beperkings van beplanning. (4)

3.3.4 Beveel VIER gereedskap vir effektiewe beplanning aan. (4)

3.3.5 Onderskei tussen die *skedules* en *programme.* (2)

**[40]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4: MAKRO LANDBOU BEMARKING

4.1 Bemarkingsisteem is 'n brug tussen die produsent van voedsel en verbruiker van voedsel.

4.1.1 Stem jy saam met die bostaande stelling? (1)

4.1.2 Regverdig jou antwoord vir VRAAG 4.1.1. (2)

4.1.3 Noem TWEE hoofgroepe aktiwiteite wat betrokke is by die voedselvoorsieningsbemarkingsisteem. (2)

4.1.4 Gee VIER voorbeelde van sekondêre aktiwiteite wat betrokke is by bemarking. (4)

4.1.5 Watter primêre aktiwiteit handel oor die oordrag van produk van die produsent tot die verbruiker. (1)

4.1.6 Noem VYF faktore wat die aanbod van landbouprodukte beïnvloed. (5)

4.2 Die volgende tabel illustreer die vraag na 'n sekere produk. Bestudeer dit en beantwoord al die vrae hieronder. Toon AL die berekeninge.

| PRYS PER EENHEID (R) | KWANTITEIT VAN PRODUKTE (kg) |
|---|---|
| 40 | 420 |
| 50 | 400 |

4.2.1 Bereken die persentasieverandering in die prys van die produk. (3)

4.2.2 Bereken die persentasieverandering in die hoeveelheid van die gevraagde produk. (3)

4.2.3 Bereken die pryselastisiteit van die vraag na hierdie produk. (1)

4.2.4 Met watter tipe of vorm van vraag word hierdie produk geassosieer? (1)

4.2.5 Regverdig jou antwoord vir VRAAG 4.1.4. (2)

4.3 Onderskei tussen die volgende benaderings: *makrobemarking en mikrobemarking.* (2 × 2) (4)

4.4 Afrika-ontwikkelende markte verskil van ontwikkelde (eerstewêreld) markte.

Noem VIER bekende verbruikersvoorkeure van Afrikaners. (4)

4.5 4.5.1 Verduidelik die konsep van *ewewigsprys.* (3)

4.5.2 Beskryf die invloed van die staat van ewewigsprys in die mark op die verskaffers en verbruikers. (4)

**[40]**

## VRAAG 5: MIKRO LANDBOU BEMARKING

5.1 Gee EEN woord of 'n term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of 'n term langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Hierdie situasionele analise fokus op die identifisering van sterk punte, swakhede, geleenthede en bedreigings.

5.1.2 Die teorie wat die tydsverloop tussen produksie en verkope bied.

5.1.3 'n Teiken wat die boer vir homself en sy plaasbedryf stel.

5.1.4 'n Groep verbruikers wat dieselfde behoeftes en eienskappe het en dieselfde produkte koop

5.1.5 Die persentasie verandering in die vraag na die produk as gevolg van 'n persentasie verandering in inkomste van die verbruikers.

(5 × 1) (5)

5.2 Verskeie verspreidingskanale word gebruik om te verseker dat die produk die verbruikers as eindgebruikers bereik.

5.2.1 Noem TWEE verspreidingskanale wat gebruik word deur boere wat statutêre gereguleerde goedere produseer.

5.2.2 Beskryf die TWEE verspreidingskanale wat in VRAAG 5.2.1 genoem word.

(2 × 2) (4)

5.3 Die aard van die vraag na landbouprodukte bepaal grootliks die toepassing van ekonomiese beginsels in die boerdery. 'n Sterk verhouding bestaan tussen prys en hoeveelheid produk en dit word uitgedruk as die vraag en aanbod-beginsel.

5.3.1 Onderskei tussen *pryselastisiteit van vraag* en *inkomste-elastisiteit van vraag.* (2 × 2) (4)

5.3.2 Noem die impak van onelastiese vraag na goedere op die volgende:

(a) Produk

(b) Wins

(c) Verkope

(d) Prys

(4 × 1) (4)

5.4 Bemarking van landbouprodukte bied groot uitdagings aan die boere in Suid-Afrika en die regering meng in met prysbeheer.

5.4.1 Noem DRIE belangrike landboubemarkingsprobleme wat produsente in Suid-Afrika raak. (3)

5.4.2 Verduidelik hoe die probleme wat in VRAAG 5.4.1 aangedui word, Suid-Afrikaanse boere raak. (3)

5.4.3 Noem VIER strategieë wat deur die Suid-Afrikaanse regering toegepas word om pryse vir landbouprodukte te stabiliseer. (4)

5.4.4 Noem enige DRIE faktore wat u in ag sal neem wanneer u besluit om u produkte as boer te bemark. (3)

5.5 Teken en benoem 'n grafiese voorstelling van die vraag en aanbod van aartappel sakke by Pretoria Fresh Produce-mark. Gebruik dieselfde assestelsel vir hierdie twee kurwes.

Die grafiek moet die volgende aandui: Ewewig prys, ewewig hoeveelheid, ewewigsposisie, surplus area en tekort area. (10)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou